

## **Preekkets: Eksodus 31:1-11**

### **Hoe die Here van Homself in die woestyn vertel.**

Hy vertel deur sy Heilige Gees van Homself.

#### **Hy is kosbaar.**

Die Heilige Gees stel mense in staat om met hulle hande kosbare voorwerpe te maak: voorwerpe van goud, silwer en edelstene; mooi geborduurde kledingstukke; geurige salfolie en wierook. Hulle gee hulle kosbaarste.

God is kosbaar vir die gelowige en Hy gee die kosbaarste, Homself in Christus, aan ons. Hy inspireer ons om deur ons toewyding aan Hom vir die wêreld te wys hoe kosbaar Hy is.

#### **Hy is met ons.**

Hulle maak al hierdie mooi dinge vir die tent van ontmoeting. Daar gebeur die mooiste wat op aarde gebeur: God reël weer 'n ontmoeting met mense. Hoe wonderlik is hierdie ontmoeting tog vir die mense want die ontmoeting verander 'n sondaar in 'n heilige.

Jesus kry die naam Emmanuel wat beteken God met ons. In die woestyn het die gelowiges 'n tent gehad waar hulle die Here ontmoet. Ons word soveel meer: ons word in Christus 'n tempel waarin God woon. Ter wille van ander mense moet ek deur die Gees 'n mooi mens word. Wat 'n kosbare voorreg!

#### **Hy sorg.**

Hierdie Geesvervulde mense maak 'n verskeidenheid voorwerpe en elkeen vertel van God se versorging. Die ark met sy deksel vertel dat Hy ons versorg met vergifnis van sonde. Die tafel met toonbrode vertel dat Hy vir daaglikse brood sorg. Die goue wierookaltaar vertel dat Hy ons versorg deur te luister na die gebed van ons hart.

Die Heilige Gees wil my ook inspireer om in my lewe, deur wat ek is, dink, sê en doen, die tempel te wees wat wys hoe God in Christus sorg. Ek sal elke dag genoeg hê. Omdat Hy sorg is ek nooit besorg nie.

Hoe weet jy dat die Here *jou* wil gebruik om 'n mooi tempel te wees wat van Hom vertel? Hy sê dit.